



Lückhoff Skool

Banhoekweg, Stellenbosch



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner



Gemeenskapsinteraksie
Community Interaction
Amaqhina Entsebenziswano

Die storie van die

ou Lückhoff Skoolgebou

Agtergrond

Die ou Lückhoff Skoolgebou in Banhoekweg, Stellenbosch, is 'n belangrike baken in die geskiedenis van die gemeenskap van die Vlakte – die gebied tussen Victoria-, Bird-, Banhoek- en Joubertstraat. Die skool, wat na die sendeling Eerwaarde Paul Daniël Lückhoff vernoem is, het sy deure in Januarie 1935 opgemaak met 45 leerders en 3 personeellede.

Die skool was bekend vir sy uitstekende onderwysers, goeie reputasie, streng dissipline, en die netheid van die kinders se skoolunifoms en die skoolterrein. Die belangrikste sportsoorte was sokker, netbal, rugby en krieket. Leerlinge, onderwysers en ouers was trots op hul skool.

Die proklamasie van die Groepsgebiedewet het die bestaande geïntegreerde gemeenskap uitmekaar geforseer. Onderwysers en leerlinge het op 30 Oktober 1969 met gemengde gevoelens na die huidige skool in Bloekomlaan, Idasvallei, getrek.

Bydrae van Lückhoff

Lückhoff was die eerste Afrikaanse hoërskool vir bruinmense in die Boland en omliggende plattelandse gebiede. Leerlinge het van sover as Suidwes-Afrika (nou Namibië) hierheen gekom. Die skool was 'n opvoedkundige instansie met 'n roeping om te help met die vorming van 'n gesonde samelewing. Lückhoff was 'n vrugbare teelaarde vir leiers vir die toekoms – dokters, onderwysers, predikante, verpleegspesoneel, vaklui, klerke, sakemanne, politici, 'n ambassadeur, inspekteurs en 'n direkteur van onderwys. Lückhoff het sportmanne en – vroue van provinsiale, nasionale en internasionale vlakke opgelewer.

Lückhoff en die Universiteit Stellenbosch

Die Lückhoff Skoolgebou het in the universiteit se besit gekom deur 'n ruilsoonekoms tussen die Kaapse Onderwys Departement en die Universiteit. Prof Russel Botman, visekanselier en rektor van die Universiteit Stellenbosch, het die Lückhoff Skoolgebou op 15 Oktober 2007 aan die groter gemeenskap van Stellenbosch hertoegewy.

Ou Lückhoff Skool vandag

Die ou Lückhoff Skoolgebou is vandag 'n baken van versoening, hoop en heling omdat dit op opheffingswerk en diens aan die mense van hierdie geskiedkundige dorp ingestel is. Dit huisves die Afdeling vir Gemeenskapsinteraksie van die Universiteit Stellenbosch, Matie Gemeenskapsdiens, asook verskeie ander nie-winsgerigte en gemeenskapsgebaseerde organisasies. Saam versterk hulle die kapasiteit van alle belangegroepes om 'n sinvolle bydrae tot die gemeenskap te lewer.

Sien die verlede in foto's

Die Lückhoff Skool huisves 'n permanente uitstalling van foto's asook memorabilia met herinneringe uit 'n vorige era. Uit die foto's is dit duidelik dat die skool 'n belangrike positiewe invloed gehad het op die gemeenskap wat dit gedien het. Terselfdertyd lig die foto's ook die impak van die Groepsgebiedewet op hierdie gemeenskap uit.



Foto's: US-Archief, Universiteit van Stellenbosch

“Ons is hier om te verseker dat die gees van Lückhoff, naamlik die gees van gemeenskap, harmonie, omgee, goeie buurmanskap en die strewe na voortreflikheid op alle gebiede in die toekomstige gebruik van hierdie gebou sal voortbestaan.”

– Prof Russel Botman

Visekanselier en rektor van die Universiteit van Stellenbosch. Toespraak by die hertoewydingsereemonie van die Lückhoff Skool op 15 Oktober 2007

Kontak ons

Vir meer inligting kontak die Afdeling vir Gemeenskapsinteraksie van die Universiteit Stellenbosch:

- Telefoon: 021 808 3645
- E-pos: howard@sun.ac.za
- Webadres: <http://www.sun.ac.za/gi>

Die permanente uitstalling is moontlik gemaak deur die ruimhartige ondersteuning van die Het Jan Marais Nasionale Fonds